



# Luister jy na God se stem?




## "Mens leer presies niks terwyl jy self praat nie."

Dié gevleuelde woorde word dikwels aan (onder meer) die gewese pres. Johnson van die VSA toegeskryf.

Maar of hy dit gesê het of nie, dis die reine waarheid!


Lyndon Johnson, 36e President van die Verenigde State (1963-1969)


Bono, Ierse sanger en liedjieskrywer

Smaak my die musikus Bono het dit ook raakgeraai:

"Jy leer toetentaal niks as jy allietyd babbel!"

(Uit 'n onderhoud met die *Dallas Morning News*)

En dan is daar die nimlike Churchill:

**"Moed is wat dit verg om op te staan en te praat. Moed is ook wat dit verg om stil te sit en te luister."**

***Daar het jy dit... Billy Graham, Johnson, Bono en Churchill deel dieselfde siening!***


Winston Churchill (Britse politikus)
Skildery deur Frank Owen Salisbury

## Ingebou in LUISTER is die woordjie STIL



*Liewe broers en susters, let wel:*
"Elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou te praat nie en nie te gou kwaad te word nie."
**Jakobus 1:19**

**Met ander woorde, ons moet stil wees sodat ons kan luister!**











As jy God nog nooit gevra het:
*Wys my u Wil met my lewe, sê my wat u Plan vir my lewe* is -
as jy nog nooit daaroor gedink het nie,
**moet jy dit NOU doen.**




**Ons almal het goddelike leiding nodig op elke gebied, en Hy is gereed, bereid en verbind om ons te wys en te vertel. In hierdie traktaat praat ons dus oor luister na God.**



Nou vra ek jou: Wanneer jy op jou knieë gaan, hoeveel tyd wy jy aan **luister na God?**

*Of doen jy al die praatwerk?*

Wanneer jy kniel om te bid, sê jy, *Hemelse Vader, ek wil net vir U dankie sê*, en so karring jy aan en aan, en dan sê jy *In Jesus' Naam, Amen*, en jy spring op en gaan doen ander dinge?

**Dis NIE hoe mens na God luister nie!**




**God praat** wanneer jy sy Woord lees, of wanneer jy bid, of deur gebeure, of wanneer jy 'n prediker hoor, en dan veral deur jou *stiltetyd*.

**God spreek deur al dié dinge.**

Ek was bly toe hulle vir my gesê het: "Kom ons gaan na die huis van die Here toe." Psalm 122:1







*Belofte #1:*
"Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou."
**Psalm 32:8**

*Belofte #2:*
"Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop."
**Spreuke 3:5-6**

*Jou eerste plig teenoor die ander lede van die genootskap is om na hulle te luister. Nes die liefde vir God begin met die lees van sy Woord, is die begin van liefde vir ons broers en susters om te leer om na hulle te luister.*

*Dietrich Bonhoeffer*



So *dis* waaroor dit gaan! Die idee is dat God ons op ons lewenspad lei, maar voor Hy dit kan doen, is daar iets waaraan ons dikwels nie dink nie, en dit is dat, as Hy my gids gaan wees...


**ek bereid moet wees om te luister na wat Hy sê.**






Nou kan jy vra, hoe praat God? In die eerste plek spreek Hy deur sy Woord, die Bybel. Soms vra mense my waarom ek die Bybel omhoog hou. Dis omdat **ek** nie die gesaghebbende is nie - **die Bybel is.**

As jy net volgens jou eie riglyne leef, en die Bybel (dit hoef nie soos myne te lyk nie) nooit raadpleeg nie, vra jouself bietjie af: waarom verontagsaam jy hierdie bron, die **ongetwyfelde bron van waarheid**?




Nou goed, soms moet ons vrae vra: Nou toe, God, hoe gaan U dit regkry? Of: Hoe gaan ek dat regkry?

God se antwoorde sal altyd met die Skrif ooreenkom, hoewel Hy soms baie saggies praat.

**Maar wanneer Hy met ons praat, sal dit telkens klinkklaar wees.**

God draai nie doekies om nie - Hy sê reguit: *Dis* wat Ek wil hê jy moet doen.



**Daar is egter bepalings en voorwaardes.** Hoor bietjie wat sê Jakobus: "Julle moet doen wat die Woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julself. Iemand wat altyd net die Woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk: hy bekyk homself, gaan van die spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte Wet wat mens vrymaak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen." **Jakobus 1: 22-25**

**En natuurlik praat Hy met ons deur gebed, gee Hy ons dikwels leiding, en wanneer iemand vir my sê, *Wel, ek het God nog nooit hoor praat nie*, sal ek antwoord: Dis omdat jy nie luister nie, of jy vra nie sy raad nie. Ongelukkig kan dit sommige mense min skeel. Maar God is altyd gewillig om met 'n ieder en elk van ons te praat, solank ons net wil luister. MAAR as ek nie luister en aandag skenk nie, sal ek nie gehoor gee aan God se Wil nie.**



**Liewe Vriend**

Ek moedig jou graag aan om hard te werk om **elke dag** met God in aanraking te kom, en onthou tog om Hom nie dood te praat nie - bly stil en gee Hom kans, sodat jy kan hoor van sy wonderlike Plan **net vir jou!**




**Jesus wil hulp hê,** want Hy kan die werk nie alles alleen doen nie.

Wie sal Hom dan help met die werk? Hy sien die wuiwende koringlande, ryp vir God se koninkryk, maar die arbeiders is min.

Nogtans durf niemand na vore tree en sy arbeid uit sy eie aanbied nie; dis vergun net vir hulle wat **na God se stem luister.**



**Die oog wat sien, word gegee net aan hulle wat deel in die liefde van Sy Hart. Dit is net húlle wat geroepe is om die oesakker te betree.**




Eendag berispe 'n vrou D L Moody oor die metodes wat hy aanwend om mense vir die Here te wen.

Moody antwoord: "Ek stem saam. Ek hou ook nie van die manier waarop ek dit doen nie. Sê my, hoe doen jy dit dan?"

Sy antwoord: "O nee, ek doen dit nie."

Daarop sê Moody: "Ek verkies my manier om dit te doen bo jou manier om dit nie te doen nie."





*Kontakbesonderhede:*

**Neville Nevelling**

*Neville WhatsApp:* +264811285323

*e-pos:* neville@awr.org

www.bibleanswers.co.za


**Wêreldwye Selfoon-evangelisasie, Bybelstudie en Preke**


TRAKTAAT © GEORGE ROSS